Gmail by Google

Karen Müller <sekretaris.uspluimbal@gmail.com>

Fw: BOLAND REELS VIR LIGA WEDSTRYDE

Kalie van Heerden <kalievh@sc-web.co.za> **Thu, Apr 15, 2010 at 5:20 PM**
To: Sekretaris.uspluimbal@gmail.com, Voorsitter.uspluimbal@gmail.com

Kalie van Heerden
Cell: 083 297 3744
Fax: 086 606 3361
kalievh@sc-web.co.za
----- Original Message -----
From: Kalie van Heerden
To: Kalie v Heerden
Sent: Monday, April 12, 2010 5:52 PM
Subject: BOLAND REELS VIR LIGA WEDSTRYDE

REëLS VIR LIGAWEDSTRYDE

1. Wedstryde word gespeel volgens die datumlys, op die bane van die eersgenoemde klub of op die bane bepaal deur die Uitvoerende Komitee, op die vasgestelde datum. ***GEEN WEDSTRYD MAG UITGESTEL WORD NIE*** behalwe op besluit van die Uitvoerende Komitee.Indien die saal van die tuisklub nie beskikbaar is nie, mag die tuisklub reël dat die wedstryd op ‘n ander aand ***IN DIESELFDE WEEK*** gespeel word op voorwaarde dat die besoekende klub betyds in kennis gestel word en die veranderde datum goedkeur is. (Goedkeuring mag nie onredelik weerhou word nie). Indien ‘n wedersydse aanvaarbare datum nie gevind kan word nie, word die wedstryd deur die tuisspan prysgegee. Alternatiewelik mag die tuisklub na goeddunke reël dat die wedstryd gespeel word in ‘n ander saal op die aand waarop die wedstryd sou plaasvind, op voorwaarde dat die besoekende klub en die Sekretaris van die Vereniging minstens 24 uur kennis gegee word van die plekverandering. Indien ‘n speler vir ‘n provinsiale span moet speel, kan ‘n wedstryd, met goedkeuring, uitgestel word.

2. Met die indiening van die eerste wedstrydvorm van die seisoen, moet elke klub ‘n ranglys van al sy spelers, mans en dames, saamstuur aan die wedstrydsekretaresse. Die ranglys sal bepaal word deur die gemengde sterkte van die mans. Dit geld ook vir klubs met Superliga spanne waar die sterkte in die mans en dames enkels, asook die mans in die gemeng sal geld.

2.1 Veranderinge in die ranglyste moet ook dadelik aan die wedstrydsekretaresse deurgegee word. In alle wedstryde moet spelers in orde van sterkte speel. Indien nie, sal alle punte van die betrokke spelers outomaties weggeneem word.

3. Geen speler mag vir meer as een klub in mededingende wedstryde in dieselfde seisoen speel sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee nie.

4. Alle ligawedstryde moet om 19h30 begin tensy anders gereël tussen die betrokke twee spanne. Indien so ‘n reëling nie getref is nie sal ‘n tydperk van 10 minute grasie toegelaat word. Na die

10 minute mag die span wat gereed is om te speel die wedstrydpunte eis van ‘n span wat nog nie gereed is om te begin speel nie. Indien die wedstryd begin na die verstreke voorafgemelde tyd, sal aangeneem word dat die spanne ooreengekom het om laat te begin en geen span mag daarna die wedstrydpunte probeer eis op grond van die laat begin nie.

5. In alle klubsale, onderworpe aan enige plaaslike reël, sal dit as ‘n fout beskou word wanneer die pluim die dak raak, maar indien dit die elektriese bedrading of dakbalk raak wat oor die baan hang, sal die punt oorgespeel word.

6. Die aantal spanne in elke liga sal deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.

Die volgende reëls geld vir ligawedstryde:

6.1 Indien ‘n speler in ‘n hoër liga hom/haar op kort kennisgewing aan ‘n wedstryd moet onttrek, mag ‘n speler van ‘n laer liga hom/haar vervang op voorwaarde dat dit nie in meer as twee opeenvolgende wedstryde sonder die goedkeuring van die Dagbestuur gebeur nie. Die bepaling geld ook waar daar twee spanne van dieselfde klub bv. A en B spanne in dieselfde liga speel.

6.2 Indien ‘n speler van ‘n hoër liga na ‘n laer liga afgeskuif word, moet so ‘n speler vir minstens twee agtereenvolgende wedstryde in die laer liga speel. Dieselfde reël geld indien ‘n speler van ‘n laer liga na ‘n hoër liga opgeskuif word. So ‘n speler moet minstens twee agtereenvolgende wedstryde in die hoër liga speel. Oortreding van hierdie reël sal meebring dat die spesifieke spel **plus** twee bykomende punte prysgegee word.

6.3 ‘n Klub wat ‘n speler onder ‘n ander speler se naam laat speel, sal die wedstryd waarin die betrokke speler gespeel het plus 2 ekstra punte prysgee. So ‘n klub sal ook met R100.00 beboet word.

7. Die deelnemende klubs sal om die beurt as skeidsregter by wedstryde optree. Die tuisklub sal die skeidsregter vir die eerste wedstryd aanwys.

7.1 Spankapteins moet die ingevulde telkaarte uitruil **voordat** die spel begin. Nadat die telkaarte geruil is mag daar NIE veranderinge gemaak word nie. Indien daar wel veranderinge gemaak moet word, sal die span wat die veranderinge maak al die wedstrydepunte met die veranderings verloor.

7.2 Indien ‘n kaptein beswaar aanteken teen die ander span se volgorde van sterkte, moet hy die opponerende kaptein versoek om die nodige wysiging(s) aan te bring voor spel begin.

7.3 Indien die opponerende kaptein weier om sulke wysiging(s) aan te bring moet die kaptein wat die beswaar aangeteken het op beide telkaarte skryf “ONDER PROTES”, voor spel begin. Sy klub moet dan binne een week ‘n geskrewe klag by die Uitvoerende Komitee aanhangig maak.

7.4 Alle wedstryd bepalings soos op die telkaart aangedui MOET nagekom word. As ‘n speller byvoorbeeld nie die mans of dames enkels wil/kan speel nie (wat die eerste twee wedstryde op die telkaart is) mag hy/sy in geen verdere wedstryde die betrokke aand deelneem nie.

8. In spesiale omstandighede waar dit nie van ‘n span verwag kon word om voor die aanvang van die wedstryd bewus te wees van die sterkte van die opponente nie, kan ‘n klag na afloop van die wedstryd by die Uitvoerende Komitee aanhangig gemaak word soos in punt 7.3 hierbo.

8.1 Indien ‘n klag deur die Uitvoerende Komitee gehandhaaf word, sal die oortredende klub al daardie wedstryde verloor waarin bevind is dat spelers/pare nie in volgorde van sterkte gespeel het nie.

8.2 Waar ‘n klub in geregistreerde klere speel, moet alle lede van daardie klub daarin speel. Indien spelers nie reg geklee is nie, word ‘n boete van R10.00 per speler gehef. Ooreenstemmende sweetpakbroeke mag in ligawedsrtyde gedra word. “Fietsrybroeke” moet dieselfde kleur as die broek of romp wees wat die speler aanhet. In alle ligawedstryde en Kampioenskappe sal slegs spelers wat erkende raket sport klere dra, toegelaat word om te speel. Geen “baggies”, “board shorts”, ens. word toegelaat nie.

9. Beide spanne moet volledig voltooide telkaarte, wat deur beide spankapteins onderteken is, aan die wedstrydsekretaris stuur. Klubs met meer as een span kan al die kaarte een keer per week, verkieslik op Vrydae, pos.

10. Elke span moet die helfte van die nuwe veerpluime wat in alle ligawedstryde gebruik word voorsien. Waar ‘n ongelyke getal gebruik word, kry tuisspan die voordeel.

11. Onderskeie ligas sal gespeel word soos op die Algemene Jaarvergadering bepaal word. Alle wedstryde sal bepaal word uit die beste van drie stelle van 21 punte. As die spel op 20 elk te staan kom moet die wenner met 2 punte wen m.a.w. 22-20 of 27-25. ens. As die stel op 29 elk te staan kom sal die stel wenner bepaal word deur die persoon wat eerste 30 bereik. Daar sal 'n een minuut pouse wees wanneer die eerste speler elf in elke stel bereik, en twee minute tussen die eerste en tweede en tweede en derde stelle. In die gewone liga moet almal minstens een gemeng speel.

12. Geen klub mag twee spanne in dieselfde liga inskrywe indien daar ander ligas oop is nie m.a.w. daar mag nie twee spanne in die 4de liga ingeskrywe word indien daar ook ‘n span in die 3de liga ingeskrywe word nie. Indien 2 spanne in dieselfde liga ingeskrywe word, moet aansoek om goedkeuring by die Uitvoerende Komitee gedoen word.

13. Geen spanne mag uit enige liga onttrek nie. Onttrekking mag slegs vanaf die laagste liga plaasvind. Indien ‘n span onttrek word, sal alle wedstryde reeds teen so ‘n span gespeel, gekanselleer word. Indien ‘n span van ‘n hoër liga onttrek, mag spelers van sodanige span vir die betrokke jaar nie in ander ligas speel nie, behalwe met toestemming van die Uitvoerende Komitee.

14. Indien ‘n span in die begin van die seisoen onttrek nadat hy reeds ingeskryf is, maar alvorens ‘n aanvang van die wedstryd-datums begin is, sal sodanige span met R50 beboet word.

14.1 ‘n Klub wat ‘n wedstryd prysgee, word met R50 beboet.

15. Geen speler mag aan enige van die laer kampioenskappe deelneem indien hy meer as 3 keer in ‘n hoër liga gespeel het nie.

15.1 ‘n Persoon moet affilieer aan ‘n Klub voordat hy/sy aan ‘n kampioenskap mag deelneem. ‘n Geaffilieerde lid is ‘n persoon wat sy klub se ledegeld ten volle opbetaal het.

16. Indien ‘n speler vervang word moet dit van die volgende span wees bv. ‘n eerstepan speler mag nie vervang word deur ‘n derdespanspeler nie, maar deur ‘n tweedespan speler.

17. Enige span van ‘n Klub moet uit 'n minimum van 5 lede bestaan (2 Mans / 3 Dames of 3 Mans / 2 Dames). Geen speler mag meer as drie wedstryde speel nie.

18 Geen speler mag die Boland op ‘n S A Provinsiale Toernooi verteenwoordig, tensy hy/sy ‘n geregistreerde lid van die klub is, en ook die klub in die Boland Liga Bepalings verteenwoordig, behalwe met die toestemming van die Uitvoerende Bestuur van Boland. Die reel geld nie die Junior Afdelings van Boland nie.

AFNEEM VAN PUNTE

1. Super

Waar spelers uit plek speel en die wedstryd(e) word gewen, word die wedstryd(e)

aan die teenstanders gegee.

2. Gewone

Waar spelers 'n gemengde wedstryd verkeerd speel en wedstryd(e) word gewen, word die wedstryd(e) aan die teenstanders gegee.

MISSION STATEMENT

To promote and develop the interest of Badminton in the BOLAND to the benefit of all players, technical officials and administrators by:-

=Fostering a culture of good sportsmanship and teamwork

=Providing coaching and training

=Instituting sound management, financial and administrative systems to facilitate the effective management of the association

=Providing an effective and democratic platform of communication between players, clubs and officials

=Becoming the number one badminton province in South Africa and maintaining that position

BANKING ACCOUNT DETAILS:=

PLEASE TRY AND PAY via ELECTRONIC FUNDS TRANSFER 0ption

BANK:= STANDARD

BRANCH:= STELLENBOSCH

ACCOUNT NO.:= 072994452

ACCOUNT NAME:= BOLAND BADMINTON ASSOCIATION

BRANCH CODE:= 050610